Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 10 Junie 2018 Jr. 7 Nr. 21
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

My wil en God se wil

1 Sam 8:1-10

Wat is God se wil? Dit is die groot vraag waarmee baie gelowiges stoei. Eintlik is die vraag nog meer persoonlik: Wat is God se wil vir my lewe? So asof die Here vir elkeen van ons 'n uitgewerkte plan het.

God se wil handel in die eerste plek oor God. Daarom leer die Here Jesus ons ook bid: Laat U Naam geheilig word. Laat U koninkryk kom. Laat U wil geskied. "It is not about me; it is about God". Daarom moet ons versigtig omgaan met die vraag: "Wat is God se wil vir my lewe." Die vraag is eintlik: Wie is God? Wat is God se wil? Is my lewe in lyn met God se wil?

Dit word aangrypend uitgebeeld in 1 Samuel 8:1-10 wat 'n koning soek soos al die ander volke rondom hulle. Die Here sê dan ook vir Samuel: Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle. Dit is die eintlike probleem: Wanneer ons die gebed wat die Here vir ons geleer het om te bid, bid ons eintlik: Laat MY naam geheilig word. Laat MY koninkryk kom. Laat MY wil geskied.

God se wil word eintlik duidelik uitgespel: "Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan. Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan."
Johannes 6:38–40

God se wil het 'n naam: Jesus Christus. Die vraag na God se wil gaan eintlik oor die vraag om my lewe in lyn is met God se wil en die wêreld rondom my.
Is dit?

Sondag 10 Junie - Nagmaal

My wil, nie God se wil
1 Sam 8:1-10

08:00 Meditatief	Paul Barnard
08:30 Klassiek (doop)	Danie O'Kennedy
10:00 Meditatief	Paul Barnard
10:00 Informeel	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Breda Ludik
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte:
Hoop Geloofsgemeenskap

Cupcakes tussen oggendienste te koop teen R10 elk vir Pienkvoetkamer Regpakprojek.

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - 9aTeteq!

Sondag 17 Junie

Vadersdag

Kyk met God se oë
1 Sam 16:1-13

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Hannes Theron
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Lizette Louw
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Annelize Kritzinger se pa, Hannes Jansen van Vuuren - kanker
Johannes Esterhuizen - beenmurg oorplanting
Elsabe Janse van Rensburg - hartomleidingsoperasie was sukses, dankie vir gebede
Toy Verster - herstel na operasie
Erina Louw - ernstig siek

Rou
Ons dink aan Lukas Viljoen wat oorlede is se familie.

Bid ook vir almal wat eksamen skryf en op een of ander manier betrokke is daarmee.

Wat gebeur die week:

Maandag 11 Junie
18:30 Uitreik Jaarvergadering

Dinsdag 12 Junie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Woensdag 13 Junie
18:00 Rentmeesterspan
19:00 Doopgesprek

Donderdag 14 Junie
08:45 Bybelstudie
17:00 Kommunikasiespan
17:30 DC, S&P, DC4K en GS in Tent (laaste sessie)
18:45 Kantory oefen

Neem kennis

Eredienstye

Na verdere gesprekke oor die eredienste tydens die winterskoolvakansie, bly alles soos gewoonlik gedurende die kwartaal. Net die formaat van die meditatiewe eredienste lyk anders in die skoolvakansie. Die Kapel gaan van 08:00-11:00 oop wees en jy kan rustig daar gaan stil word in die teenwoordigheid van God en rondom sy Woord. Ons doen dit as 'n proefneming en sal graag jou terugvoer wil hoor.

Die volgende ouerpaar doop op 10 Junie

Klassieke diens

Renier en Carolien Kriek met Wessel Johannes



Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Elizabeth Nieuwoudt – Welkom (Dagbreek Gemeente)
Hendrina van Rooyen – Somerset-Wes (Moedergemeente)

Nagmaalkuier vandag

Onthou ons Nagmaalkuier tussen die dienste om 9:00-10:00. Daar is heerlike ontbytrolletjies te koop. Ontbytrolletjie (eier, spek, gebraaide uie en tamatie) @ R30 en ontbytrolletjie & cappuccino @ R50

Seniorsorg

het onlangs die mooiste briefie ontvang oor een van ons ouer lidmate.

Die lidmaat is fisies nie meer in staat om kerk toe te kom nie, maar het 'n groot behoefte gehad om nagmaal te gebruik. Lidmaat het met Danie Möller gereël en sy en haar man het saam die nagmaal ontvang. Dit was 'n baie spesiale oggend vir haar en het soveel beteken. Daar is ook gereël dat sy gereeld met haar dogter in die buiteland in verbinding kan tree.

Ons wil graag vra, dat indien julle van enige behoeftes van die seniors in ons gemeente hoor, om asb die kerkkantoor te kontak.

Bybelvasvra

Vrydag, 25 Mei, was die twee spannetjies gewapen met hul Bybels om hul kennis van Spreuke, Jesaja, Lukas en Petrus 1 en 2 te toests. Daar is voor-af heerlik gekuier by die De la Paix langs Butterfly World. In totaal het daar 11 spanne van die Wes-Kaap deelgeneem.

Die volgende rondte vind plaas in Augustus waar die junior span se kennis getoets gaan word oor Daniël 1–4 en Effesiërs 4. Die senior span gaan Jesaja 11–19 en gedeeltes van die boeke van Johannes en Judas doen.

Die Bybelvasvra word deur die Rapportryersbeweging aangebied en die doelstellings hiervan is om:

- Liefde te kweek vir die Bybel en bybelstudie,
- Om in spanverband saam te werk en hul kommunikasievermoë te bevorder,
- Bevordering van Afrikaans en ons kultuur.

Kontak gerus vir Lizl Botha of Annette Botha (021-851 5582) indien iemand belangstel om volgende jaar betrokke te raak by ‘n span.

Kaartjies by Ontvangs teen R20/ kaartjie of R200/ pakkie van 10

Seniorsorg Zandvliet waterprojek

Dis met groot dankbaarheid wat ons kan getuig dat dié projek so te sê voltooi is, danksy hulp uit die gemeente. Lidmate se dienste, kennis en finansiële bydrae het bygedra tot hierdie waardevolle projek wat Zandvliet ouetehuis baie nodig gehad het.

Ons wil graag die gemeente bedank tesame met die departement van Landbou vir elkeen se aandeel. Ons het net weer besef hoe ongelooflik Helderberg Gemeente se lidmate is en nooi julle uit, as jul daar verby ry om te gaan loer na die eindresultaat.

Vakansieklub

Ons benodig ook die volgende skenkings, asseblief teen 22 Junie:

Kunsaktiwiteite:

- bruin, wit en gekleurde A4 karton
- gom
- krale
- swart kolletjie plakkers
- silwer sterretjies
- klein klokkies
- rooi materiaal
- potterbakker klei
- leë toiletrolletjies

Kombuisbenodighede:

- koffie & tee
- warm sjokolade
- vrugte sappe
- koekies
- ontbytpappe
- suiker
- melk
- beskuit
- appels

Hoop in ‘n nuwe gemeenskap

Hoop Geloofsgemeenskap / Hope Faith Community is ‘n kerkplant inisiatief van Helderberg Gemeente en as projek by Helderberg Uitreik geregistreer. Ons is ‘n geloofsgemeenskap wat op ‘n vars manier die liefde en hoop van Jesus probeer lewe.

Ons kom Sondae om 09:00 byeen in die saal van die Curro Sitari skool en bedien veral die groeiende gemeenskap aan die westekant van Somerset-Wes in die omgewing van Curro Sitari.

“Hoop” is ‘n warm en gasvrye tuiste waar ‘n verskeidenheid van mense God met vrymoedigheid kan aanbid. Ons stel geen voorwaardes of vereistes om deel te word van ons gemeenskap en ons reis saam met God nie. Almal is welkom. Kom kuier gerus. Vertel ook van ons vir vriende of familie wat jy dink by “Hoop” sal tuis voel.

Ons storie

Helderberg Gemeente het die behoefte raakgesien aan ‘n nuwe en eiesoortige gemeente wat ‘n geestelike tuiste kan bied aan die mense van die omgewing, maar veral ook aan mense wat om verskeie redes nie tuis voel in die gevestigde kerke nie. ‘n Vestigingspan het in Januarie 2017 afgeskop met byeenkomste in die saal van Curro Sitari en in November 2017 het die eerste verkose leierspan uit die nuwe geloofsgemeenskap die leierskap en verantwoordelikheid oorgeneem. Hoop Geloofsgemeenskap funksioneer as ‘n onafhanklike geloofsgemeenskap met noue bande en ondersteuning van die NG Kerk via Helderberg Gemeente en Helderberg Uitreik. 50% van Danie Möller se tyd word by Helderberg gekoop en hy is leraar van ons nuwe geloofsgemeenskap.

Verhoudings

Verhoudings is vir ons belangrik. Ons verhouding met God en met mekaar. Jy sal dit sien in ons byeenkomste. Ons kom bymekaar rondom tafels. Ons is gasvry en eet, drink en gesels saam. Ons is opgewonde daaroor dat die Skeppergod met ons in 'n verhouding wil wees. Ons respekteer en geniet die feit dat elkeen van ons se reis met God uniek is. Ons skep daarom ruimte vir mekaar in ons byeenkomste en styl van aanbidding. Deur kleingroepe wat in die week bymekaarkom in die omliggende landgoed, bou ons verder aan ons verhouding met God en met mekaar. Ons verhouding met die gemeenskap waarbinne ons leef en werk, is vir ons net so belangrik. Ons verstaan dat ons hier is om die hele gemeenskap te dien met God se onselfsugtige liefde.

Die beste is natuurlik, kom kuier by HGG en ervaar self die hartlikheid en gasvryheid, omgee en liefde vir mekaar.

Helderberg UITREIK

As jy meer wil weet kontak:

Hoop Geloofsgemeenskap e-pos kantoor.hope@gmail.com
Edwin Anderssen (Voorsitter van die leierspan) concept@cheere.co.za
Danie Möller (geestelike leier) 083 375 8444

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*